Kobus van Tonder en Johann Strauss

# Beperk só verliese met oes van kanola



Dr. Johann Strauss

'n Klein fortuin val jaarliks deur die vingers van menige onervare kanolaboer. As oesverliese boere vanjaar weer benoud laat en hulle dringend oplossings soek, bied hierdie vars navorsing van Elsenburg dalk die oplossing.

Kanola in blom is 'n skouspel in die Wes-Kaap waar dit al vir bykans 20 jaar die koms van die lente, asook die vinnig naderende oestyd, aankondig.

Om verskeie goeie redes is kanola 'n groeiende bedryf. Vanjaar nog het dié aspoester onder landbougewasse bykans die onmoontlike in Kanada verrig deur koring te onttroon as die kontantgewas wat die meeste aangeplant word. (Kanada is die wêreld se grootste uitvoerder van albei gewasse.)

Gevolglik word jaarliks ook hier in Suid-Afrika nuwe toetreders gelok – en saam daarmee dikwels hope onervarendheid. Kaapse graanboere wéét hoe om met koring te werk, maar die nuweling kanola is 'n perd van 'n ander kleur. Namate oestyd nader kom, wil dié gewas sagter as koring gehanteer wees. Dit is kompleet asof rypwording versnel namate die oestyd nader.

Wanneer presies die regte tyd is om die oliesaad te oes, is 'n uiters kritieke besluit. Selfs net 'n dag te laat en die pitte spring dalk die silo heeltemal mis.

Maar moenie moed verloor nie. Verreweg die meeste kanolaboere het die kuns bemeester om sulke saadverliese binne aanvaarbare perke te hou.

Tog is saadverliese voor en tydens oestyd soms nog heeltemal te hoog en bedreig dit dikwels die winsgewendheid van kanola in die Wes-Kaap. Só het 'n span navorsers verbonde aan die instituut vir plantproduksie van die Wes-Kaapse departement van landbou op Elsenburg bevind.

Oorsese navorsing wil dit hê dat saadverliese van 2% tot 5% 'n natuurlike gegewe is. Sulke verliese is te verwagte, selfs al word kanola in ideale toestande geoes. In ongunstige toestande het oesverliese al egter tot soveel as 50% beloop.



'n Kanola-spesifieke opteltafel, soos op hierdie stroper aangebring is, is dalk 'n luukse, maar kan 'n groot verskil aan opbrengs en uiteindelik winsgewendheid maak. Foto: Piet Lombard

Vorige navorsing deur dr. Mark Hardy, wat enkele jare gelede tydens 'n wisselbouproef met kanola in die Swartland gedoen is, het oesverliese van 12% tot 30% vir die gewas getoon.

Dit het gevolglik noodsaaklik geword om weer en deeglik na die omvang van oesverliese binne die Suid-Afrikaanse konteks te kyk. Sodoende kon 'n duideliker beeld van die situasie verkry word deur te kyk na ál die invloede wat minder saadverlies tussen rypwording en die silo tot gevolg kan hê.

Finansiering deur die Proteïennavorsingstigting het die span, onder leiding van dr. Johann Strauss, in staat gestel om in 2008 'n navorsingsprojek vir dié doel te begin.

In die Wes-Kaap word kanola volgens twee metodes geoes. Suid-Kaapse boere gee voorkeur aan platsny, terwyl hul kollegas in die Swartland oor die algemeen verkies om direk te stroop.

Oor die algemeen bied platsny die veiligste opsie in gevalle waar slegte en onvoorspelbare weerstoestande ondervind word.

Uit die afgelope drie seisoene se data blyk dit dat die grootste verliese steeds tydens die oesproses plaasvind (sien die **tabel**). Met die nodige aanpassings (soos verder aan in die artikel vermeld word) kan die totale verliese tot minder as 10% beperk word, meen die span.

Volgens hul berekeninge word die kanolabedryf deur 'n jaarlikse verlies van meer as R22 miljoen in die gesig gestaar indien slegs 150 kg saad per hektaar teen 'n prys van R3 900/ton tydens rypwording en die oesproses verlore gaan. Dit is genoeg om 'n broodnodige wins in 'n verlies te verander.

Dit is dus geen wonder nie dat, met oestyd



**Die kanolabedryf blom wêreldwyd. Tog word die plaaslike bedryf nog effe teruggehou deur onnodige saadverliese kort voor en tydens oestyd, wat maklik met die regte tegnieke beperk kan word. Foto: Piet Lombard**

om die draai, talle boere met beperkte ondervinding in die oes van kanola omtrent depressief raak.

Sulke boere is nog onseker presies op watter stadium van rypwording die kanola óf platgesny óf gestroop moet word. Vir hulle bring die navorsing goeie nuus. Sulke verliese is in werklikheid maklik voorkombaar. Dit is natuurlik mits die boer daarop bedag is en betyds die regte stappe doen.

Die inligting wat tot dusver gedurende die drie jaar van die proewe ingewin is, dui op geen noemenswaardige verskille in saadverliese tussen platsny of direkte stroop nie.

Oesverliese was sonder twyfel minder in gevalle waar "natter" saad geoes is. Hierdie feit beklemtoon net weer die belangrikheid van goeie bestuurspraktyke vir hoër opbrengste, al speel die klimaatstoestande nie altyd saam nie.

Volgens inligting wat uit die navorsing verkry is, is daar verskeie geleenthede tussen rypwording en die oesproses om verliese tot die minimum te beperk.

Die eerste geleentheid is kort voor oestyd, wanneer ryp peule van nature geneig is om oop te spring. Wees veral bedag op winderige toestande wat oopspring kan aanmoedig. Ontydige sterk wind is 'n kenmerk van die Wes-Kaapse produksiegebiede.

Saadstorting kan ook tydens platsny plaasvind indien die kamspoed en grondspoed van die platsnyer nie ooreenstem nie. Die derde geleentheid is ná platsny, wanneer wind of reën die windrye kan versteur.

Laastens is daar die verliese wat tydens die stroop- en dorsaksies binne die stroper plaasvind. Dit gebeur meestal wanneer die stroper nie na behore ingestel is nie, of wanneer lekkasies van die besondere fyn saad plaasvind en die saad eenvoudig soos water uit 'n emmer deur 'n piepklein gaatjie loop.

Kanola-oesverliese in Wes-Kaapse proewe in verskillende jare

| Jaar | Opbrengs (kg/ha) | Voor-oesverliese (kg/ha) | Verliese met oes (kg/ha) | Totale verlies (kg/ha) | Persentasie verlies |
|---|---|---|---|---|---|
| 2008 | 2 136 | 27 | 724 | 751 | 26 |
| 2009 | 1 963 | 204 | 299 | 503 | 20 |
| 2010 | 1 305 | 34 | 181 | 215 | 14 |

Die kam- en grondspoed van die stroper moet eweneens ooreenstem om 'n egalige stroop-aksie te verseker in gevalle waar kanola direk gestroop word. Dit geld ook vir die optelproses waar daar op 'n egalige invoer van materiaal in die stoper gelet moet word.

So, hoe kan 'n benoude kanolaboer oesverliese beperk?

Die navorsers se eerste wenk is: Sny plat as jy in 'n gebied boer waar sterk wind tydens oestyd verwag kan word. Die regte stadium vir platsny is wanneer 55% van die saad verkleur het. Dit beteken eenvoudig dat 55 sade uit 'n honderd nie meer groen mag wees nie.

Verkleuring word bepaal deur 'n monster saam te stel van slegs een peul van die hoofstam van 'n groot aantal plante oor die hele land heen en dan die getal groenes fisiek te tel.

Die snyhoogte moenie te hoog of te laag wees nie. 'n Hoogte van sowat 100 mm bokant die eerste vertakking van die plante is verkieslik. Die staande mik wat sodoende verkry word, help om die windry op en veral vas te hou en vergemaklik die optelproses later.

Oes kan van 'n voginhoud van 14% af geskied. Wees egter versigtig wanneer kanola by hierdie vogpersentasie gestroop word. Die saad moet dadelik gedroog word, anders ly die gehalte van die olie daaronder.

Hou ook in gedagte dat hoe droër die gewas is, hoe groter is die kans op verliese, aangesien die peul dan baie broos is. Die navorsers meen dit loon boere beslis om eerder te oes as die peule klammer is en dan die pitte te droog. Dit is omdat die wins wat sodoende verkry word, danksy die verbeterde opbrengs groter is as die koste verbonde aan droging.

Boere moet verkieslik vroeg in die oggend stroop, tot nie later as 11:00 nie. Daar kan weer later in die dag gestroop word, van ongeveer 16:00 af tot 22:00, mits dit natuurlik nie te klam word nie.

Indien besluit word om kanola met 'n skroeimiddel dood te spuit, moet daar eers gewag word tot die sade 80% tot 90% ryp is. Dit sal die voorkoms van te veel onderontwikkelde sade voorkom.

Vir baie boere mag 'n kanola-spesifieke opteltafel dalk 'n luukse wees, maar dit kan 'n wesenlike verskil aan hul opbrengs maak.

As boere kanola hanteer soos die volwaardige kontantgewas wat dit is, behoort hulle sukses daarmee te behaal.

*Dr. Johann Strauss is verbonde aan die Wes-Kaapse departement van landbou se instituut vir plantproduksie op Elsenburg.* LB